



Doendinge vir Afrikaans

Nuusbrief van die **Vriende van Afrikaans**

Jaargang 27

Nommer 4

Oktober 2022

VVA besoek Ceres

Die VVA werk al vir 'n aantal jare in Ceres en is in September 2022 terug om 'n groter impak te maak. Die VVA het boektrommels aan twee skole geskenk, 'n leeskonferensie aangebied en is as sprekers tydens die Afrikaanse Onderwysnetwerk (AON) se Hoofdesimposium uitgenooi.

Bella Vista en Mooi-Uitsig Primêr in Ceres het elk 'n boektrommel ontvang. Daar is ook bietjie gesels met die leerders oor die waarde van boeke en hoekom lees so belangrik is. Hierdie boektrommel is soos 'n skatkis vol wonderlike, geskikte leesboekies vanaf graad 1-7. Ons is oortuig daarvan dat ons 'n nuwe generasie lesers só kan skep vir die toekoms.

Shireen Crotz en Chareldine van der Merwe het vir die leerders stories voorgelees terwyl Nicolette van den Heever praktiese oefeninge gewys het om leerders te help met konsentrasie, balans en ritme asook die holistiese ontwikkeling van leerders.

Met ons projekte en, meer spesifiek, ons boektrommelprojek, beywer ons ons vir die ontwikkeling van 'n leeskultuur in gemeenskappe landwyd sodat ons kinders, eerste-, tweede- en derdetaalsprekers van Afrikaans, in woordryke omgewings met toegang tot die regte boeke kan grootword en die vreugde en bemagtiging van lewenslange lees kan ervaar en benut. Hier sluit ons aan by die Nasionale Ontwikkelingsplan se strewe om vroeëkindertontwikkelingsplanne (VKO) verder uit te bou en te versterk.

Om koste te bespaar, maar ook om 'n sinvolle, volhoubare impak te maak met boeke en opgeleide praktisyns en opvoeders wat agterbly om die werk voort te sit, bestaan die projek uit:

1. Die verspreiding van boektrommels en gepaardgaande boekopvoeding by 'n aantal kleuter- en laerskole
2. Voorleeswerkswinkels en 'n Doen en Leer-demonstrasie
3. Leeskonferensies

Ons probeer om al hierdie onderdele te ondervang wanneer ons in 'n spesifieke gemeenskap werk om die impak te vergroot, maar ook om koste te bespaar.

Die VVA bied deur middel van ons boektrommelprojek die geleentheid aan kinders om so vroeg as moontlik aan die wêreld van woorde en stories blootgestel te word. Ons besef dat boeke nie 'n luukse is nie maar 'n noodsaaklikheid vir ons kinders se toekoms. Ongelukkig kan baie skole en mense nie altyd boeke bekostig nie. Daarom is ons baie trots op ons projekte en weet ons dat ons 'n verskil in baie opvoeders, ouers, en kinders se lewens maak.

**Ons besef
dat boeke nie
'n luukse is
nie maar 'n
noodsaaklikheid
vir ons kinders
se toekoms.**



VVA besoek Ceres (vervolg)



Ronald Baile, Nicolette van den Heever, Euria Hendrickse, Chareldine van der Merwe, René Arendse en Daan Potgieter.

Vriende van Afrikaans bevorder leesvaardighede in die Baai



Die artikel deur Izak de Vries het op 5 Oktober 2022 op LitNet verskyn:

Suid-Afrikaanse kinders sukkel om te lees. Voor die pandemie het die Progress in International Reading Literacy Study (PIRLS) Suid-Afrika se jong lesers heel laaste geplaas uit al vyftig lande wat deelgeneem het aan die studie wat leesbegrip getoets het. Toe kom die pandemie en 'n hele gros leerders raak nog verder agter. Hoekom?

Ons kurrikulum is oorvol en gebaseer op papegaai-leer, maar meer nog: Suid-Afrikaanse huishoudings lees nie. Ouers stel nie die voorbeeld aan hul kinders dat boeke 'n goeie ontspanningsmiddel is nie.



Van links na regs: Elda Kruger, Dokka Swart, René Arendse, Shireen Crotz, Christien Naser, Chareldine van der Merwe, Gerrie Lemmer en Christien Swanepoel.

Dit gaan lank neem vir alle Suid-Afrikaners om mededingend te wees wanneer dit by leesbegrip kom, maar die Vriende van Afrikaans (VVA), 'n divisie van die ATKV, is tans besig met opleiding in talle dele van die land. Hulle wil saggies-saggies 'n verskil begin maak wat sal kan deursuur – die kurrikulum en ander probleme ten spyt.

Die VVA het onlangs met 'n multidisciplinêre span deur die suide van die land getoer. Hulle was ook in Gqeberha, waar onderwysers en ouers genooi is om na hulle aanbieding te luister.

Dokka Swart het eerste opgetree. Sy het die Doen en Leer-pakket ontwikkel wat kinders wat bang is vir lees, aanmoedig om hulle vrees te oorkom. 'n Ouer het ingewillig dat Dokka die pakket op haar seun demonstreer.

Chareldine van der Merwe het daarna 'n aantal redes voorgehou waarom lees so belangrik is vir jong breine se ontwikkeling. Ouers, en ook onderwysers, moet besef dat 'n kind wat grootword in 'n woordryke omgewing 'n enorme voorsprong het bo kinders vir wie daar nie gelees is nie of wat nie self lees nie.

'n Ouer, of onderwyser, wat vir 'n jong kind lees, leer hulle luister. Meer nog: Lees stimuleer die volgende prosesse in die brein:

- Dit ontwikkel verbeelding en kreatiwiteit.
- Dit brei woordeskat uit, wat lei na beter kommunikasie.
- Dit verbeter begrip, empatie en simpatie.
- 'n Kind wat lees, snap oorsaak en gevolg makliker en leer baie vinniger om voorspellings te maak oor wat moontlik sal gebeur, gegewe 'n aantal feite.
- Die lees van links na regs help ook om middellynkruising in die brein te verbeter.
- 'n Kind wat leer om self te lees, ontwikkel 'n gevoel van onafhanklikheid.

Vir onnies het Van der Merwe heelwat praktiese raad gehad:

- Begin 'n boekklub.

- Moedig leerders aan om hardop te lees – veral wanneer hulle klein is.
- Skep 'n leeshoekie in jou klaskamer.
- Maak seker daar is elke dag tyd vir lees in jou klas.
- Vir kinders wat sukkel, kies korter verhale of kortverhale.
- Vra dat sommige leerders boeke lees wat reeds verfilm is, en laat hulle vergelykings tref.
- Maak seker dat leerders wat lees, ewe veel prys en ondersteuning ontvang as leerders wat goed is in sport.
- Moedig toplezers en -leerders aan deur vir hulle ekstra leestyd te gee.

René Arendse het daarna die Afrikaanse onderwysnetwerk se steun aan die projek toegesê. Christien Naser het toe die uitdagings van inklusiewe klaskamers uitgelig. Ons werk deesdae met briljante leerders én kinders met ernstige leerprobleme in een klas.

Christien het 'n boek geskryf waarin sy kenners van verskeie kwessies se raad aanhaal en verwerk. Die boek, *Help! My kind is anders!*, het by LAPA verskyn.

'n Deel van haar praatjie het ook gehandel oor kinders op die outismespektrum:

- Hoe ken 'n mens hulle uit?
- Wanneer verwys jy?
- Hoe hanteer jy sulke kinders in die klas?

Talle bekende mense is of was op die spektrum – soos Einstein. Sulke kinders kan dus uitstekend vaar as hulle die regte leiding kry. Sy het juis twee boeke geskryf oor die onderwerp. Dit is fiksie, maar gebaseer op haar navorsing: *Amper Einstein* en *Absoluut Einstein*, wat by Tafelberg verskyn het.

Sy het ook verduidelik hoe lees as pret 'n brein kan stimuleer én laat kalmeer sodat die lesers beter vaar op skool.

Sy het navorsing aangehaal wat toon dat leerders beter presteer as hulle 'n halfuur voor slaaptid tekste lees wat niks met hulle skoolwerk te doen het nie; hulle is gemeet aan leerders wat studeer het tot net voor hulle moes slaap.

Die brein ontspan wanneer 'n mens lees, en prosesseer dan die inligting wat gedurende die dag ingeneem is; 'n gespanne brein kan dit nie doen nie.

Shireen Crotz, ook van die VVA, het die dag se verrigtinge afgesluit.



22 BOEKTROMMELS

Die VVA, saam met 'n hele paar ATKV-takke, kon oor die laaste paar maande oor provinsies heen, in samewerking met LAPA Uitgewers aan 22 skole boektrommels skenk. Die reikwydte het gestrek vanaf Doringbaai in die Weskus tot Jeffreysbaai in die Oos-Kaap.

Academia Primêr



Wesbank Primêr



Rainbow Primêr



Riebeeckstraat Primêr



Eindhoven Primêr



Leiden Primêr



In die Oos-Kaap besoek ons saam met die ATKV-tak VIA vier skole om elk 'n boektrommel te ontvang en 'n opvoering te kyk; Dinosaurusse kan nie lees nie. By JubileëPark Primêr in Uitenhage, Pellrus Primêr in Jeffreysbaai, Hankey Primêr in Hankey en Chigwell Primêr in Patensie was die opvoeders saam met die leerders baie opgewonde oor die vertoning en die besoek en natuurlik die boektrommels wat die skole ontvang het. Saam-saam maak ons die land 'n beter plek!



stadig oop,
ek hom;
geknoop,
krom;
roog,
kouerhoog!

lag,
y hand;
die nag,
arand.

in die tuit,
en weer;
onderruit,
wart as kruif!
lik en bont –
s lammers rond!

Graaff-Reinet Doen en Leeropleiding

Watter positiewe ervaring was dit nie toe die Vriende van Afrikaans op 19 September deel was van die Doen en Leer-opleiding by Graaff-Reinet Primêr. Sewe en twintig opvoeders saam met die skoolhoof, mnr William Hector, het die opleiding bygewoon. Die pakkette is goedgunstiglik deur die Afrikaanse Onderwysnetwerk (AON) geskenk. Die skool was ook bevoorreg om 'n boektrommel met fantastiese leesboeke vir graad 1-7 te ontvang. Die opleiding is aangebied deur Dokka Swart van Doen en Leer. Ons wil graag ook vir juffrou Ellen Koeberg bedank vir al die reëlins en die heerlike verversings vir die opvoeders en leerders.



Foto's van die opvoeders en leerders van Graaff-Reinet Primêr.

Bloemfontein leeskonferensie

Die Vriende van Afrikaans het in samewerking met die Vrystaat Kunstefees en die Afrikaanse Onderwysnetwerk 'n baie geslaagde leeskonferensie aangebied.

Tydens die leeskonferensie wat by die Universiteit van die Vrystaat-kampus aangebied is, is opvoeders, ouers en ander belangstellendes oor die volgende temas ingelig.

- Hooftema: *Die holistiese ontwikkeling van kinders en hoe om gemotiveerd te bly in die onderwys.*
- Doen en Leer-demonstrasie (Dokka Swart)
- VVA: Belangrikheid van voorlees (Chareldine van der Merwe)
- AON: Motiveringsgesprek (René Arendse, motiveringsafrigter)
- Doen en Leer: Sensoriese en Emosionele Ontwikkeling (Nicolette van der Heever, Doen en Leer: Leerondersteuningspesialis)

Daar is ook vyf boektrommels aan skole in die Motheo-distrik geskenk. Hierdie trommels is propvol geskikte en lekker leesboekies en gaan aangewend word om lees te bevorder in die onderskeie skole.



Aanbieders van die konferensie van links na regs: René Arendse, Chareldine van der Merwe, Dokka Swart, Jerome Steenkamp (ATKV AbbAsorg), Nicolette van der Heever, Shireen Crotz.



Aanbieders en konferensiegangers.



Tippie besoek Pniël Primêr

As deel van Nasionale Boekweek het die Vriende Van Afrikaans in samewerking met LAPA Uitgewers by Pniël Primêr saam met Tippie gaan kuier. Tippie die Olifant het ook vir die opgewonde leerders en opvoeders kom kuier en vertel hoe belangrik dit is om te lees. Dankie aan LAPA vir die skenking van boekies vir die skool en leerders.

Die VVA het ook aan Thurfhall Primêr 'n boektrommel geskenk. Metro-Sentraal Onderwysdepartement het ter viering van Nasionale Boekweek 'n uitdaging gestel aan hul skole. Die skole moes 'n uitstalling maak met boeke en dit moes twee van die amptelike tale van die Wes-Kaap verteenwoordig het. Die uitstallings moes ook iets gewees

het met 'n oemf sodat leerders lus was om die boeke te lees. Die skool met die beste uitstalling het dan as prys die boeketrommel van die Vriende van Afrikaans ontvang. Hierdie trommel gaan van onskatbare waarde wees vir die bevordering van Afrikaans as eerste addisionele taal by die skool.



Pniël Primêr



Thurfhall Primêr



VVA Ommietafelgesprek: Hoe baan jou taal 'n weg tot sukses?



Die artikel deur Jean Oosthuizen het op 29 Augustus 2022 op LitNet verskyn:

Almal kan nie gepubliseerde skrywers word nie, maar elke mens het 'n storie om te vertel. Afrikaans bied aan almal die geleentheid om hulle lief en leed met ander te deel. Dit is een van die voertuie wat 'n weg tot sukses kan baan.

Dit was die boodskap tydens vanjaar se Ommietafelgesprek wat deur die Vriende van Afrikaans (VVA) aangebied is.

Die Ommietafelgesprek-reeks is een van die VVA se projekte om 'n groter liefde en bewuswording te kweek vir Afrikaans, nie net onder Afrikaanssprekendes nie, maar ook by mense wat nie Afrikaans as eerstetaal gebruik nie, maar wel as tweede- of derdetaal. Vanjaar se gesprek is aangebied in vennootskap met Afrikaans.com

Drie bekendes in die joernalistieke, literêre en uitsaaiwêreld is hierdie jaar genooi om hulle stories met die gehoor te deel tydens 'n funksie by die Middelvlief-wynlandgoed buite Stellenbosch. Hulle is Julian Jansen van *Rapport*, die TV- en radiopersoonlikheid Lyntjie Jaars en Nadine Petrick van LAPA Uitgewers. Die gesprek is gelei deur die motiveringspreker en gemeenskapskoördineerder Rene Arendse, met die tema: "Hoe baan jou taal 'n weg tot sukses?"

Die gesprek is gevoer teen die agtergrond van storievertel as 'n kuns wat realisties sowel as vermaaklik kan wees.

Die joernalis en skrywer Julian Jansen se boodskap was dat niemand wat graag wil skryf, se gees geblus moet word om te skryf nie. Hy het vertel hoe sy loopbaan as onderwyser begin het maar weens krisissituasies heeltemal 'n ander koers ingeslaan het tot waar hy vandag *Rapport* se senior joernalis is. Jansen het reeds twee boeke op sy kerfstok met 'n derde boek wat binnekort op die rak sal wees. Sy eerste boek *Die De Zalze-moorde* handel oor die opspraakwekkende familiemoord in 'n luukse landgoed buite Stellenbosch wat die hele land tot stilstand geruk het. Die tweede boek *Seuns sonder Pa's* handel oor die implikasies van die meer as 60% kinders in die land wat nie 'n pa ken nie.

Hy kom uit 'n onderwysfamilie en wou graag self 'n skoolhoof word. Krisisse en 'n teleurstelling in sy onderwysloopbaan het hom egter laat besluit om 'n loopbaanskuif te maak. Tydens sy loopbaan as joernalis word hy dikwels gekonfronteer met die soet en die suur van die lewe en ook die donker kant van die mens se psige.

Jansen moedig mense aan om hulle stories te skryf. "Begin net skryf al is dit nie vir publikasie nie," sê hy. Sosiale media bied volgens hom 'n kragtige platform waar mense wat nie noodwendig gepubliseerde skrywers sal word nie, ook 'n geleentheid het om



René Arendse, ons gesprekleier, saam met die paneellede, Julian Jansen, Nadine Petrick en Lyntjie Jaars.



Chareldine van der Merwe en Shireen Crotz saam met Toni du Toit en Rudwyn Davis van St Paul's Primêr.



Shireen Crotz, Julian Jansen, René Arendse, Nadine Petrick, Lyntjie Jaars en Chareldine van der Merwe (foto: Jean Oosthuizen)

hulle stem te laat hoor. "Moenie daardie vlammetjie blus nie. Dit gee 'n geleentheid aan mense wat dit andersins nie sou doen nie, om oop te maak. Vir baie mense is dit 'n manier om hulle hartseer en ervarings met ander te deel."

Hy sê dit is meesal vroue wat hulle stories oor geslagsgeweld op dié manier met die buitewêreld deel. Dit vorm 'n belangrike deel van die terapie om die trauma te verwerk. Mans is volgens hom nog huiwerig om hulle gevoelens op hierdie manier te deel en besef nie altyd die terapeutiese waarde daarvan nie.

"Begin net skryf
al is dit nie vir
publikasie nie."

— Julian Jansen

gevang?" vra Saartjie se ma en sug.
s gedoen nie. Mamma," sê Saartjie
et net 'n bende rowers.
erante nog nie gebel om foto's van
ie?"
kaars, toe lui die telefoon. Apie is
ny raap die gehoorstuk op.
e praat?"

Nadine Petrick van LAPA Uitgewers het die gehoor herinner dat almal nie gepubliseerde skrywers kan word nie. "Baie mense wil graag skryf of sing, maar het ander talente ontvang," sê sy. Daar beland elke maand tussen 30 en 90 nuwe manuskripte van kinderen jeugliteratuur op LAPA se lessenaar waarvan slegs 'n paar uiteindelik die boekwinkels se rakke haal. Dit beteken nie dat al die deure toe is vir mense wat lief is vir die taal of dat hulle nie ander talente het om te ontgin nie.

Daar is verskeie ander loopbane waarin taalliefhebbers hulle liefde vir taal kan uitleef, byvoorbeeld tolke, die reklamebedryf, vertaling en taalpraktisyns, om net 'n paar te noem. Haar raad aan voornemende skrywers is in die eerste plek om hulle mark te leer ken. "Jy kan nie oor misdaad skryf as jy nie bekend is met die werk van goeie misdaadskrywers soos Deon Meyer en ander bekende name nie."

Haar tweede wenk is om elke dag iets te skryf, selfs al is dit net een sin. "As jy eers een sin geskryf het, word dit dalk twee sinne en as jy twee sinne geskryf het, word dit 'n paragraaf."

Sy moes egter ook eers haar voete vind voordat sy besef het haar unieke tongval is een van haar grootste bates.

Derdens is dit belangrik vir voornemende skrywers om van die vele slypskole by te woon wat aangebied word, en by goeie



leermeesters self te leer wat die moets en moenies is wat 'n skrywer in gedagte moet hou wanneer hy of sy skryf.

Een van die belangrikste punte om na op te let wanneer daar geskryf word, is goeie taal en spelling, sê Nadine. "Wees trots op jou werk wanneer jy dit instuur vir oorweging om gepubliseer te word. Diegene wat dit beoordeel, mag dalk dink die storie kort afronding, maar sal met 'n sagter oog daarna kyk as dit taalkundig sin maak en sonder onnodige spelfoute is."

Haar laaste wenk is om te lees, om nogmaals ander skrywers se werke te lees. "Dit is een van die heel beste dinge wat 'n voornemende skrywer kan doen om hom of haar as skrywer te bekwaam."

Die TV-aanbieder Lyntjie Jaars, wat veral bekend geword het vir haar kykNET-program *Oppie-*

stoep, het die gehoor met haar unieke Namakwalandse Afrikaans en pittige stories telkens laat skater van die lag.

Sy is trots Suid-Afrikaans en 'n gebore Namakwalandse. Sy moes egter ook eers haar voete vind voordat sy besef het haar unieke tongval is een van haar grootste bates. "Daar is altyd gesê ons klink anders en kom van die onderwêreld af." Sy het dit geglo totdat die sielkundige Quintin Adams wat as 'n shackbouer bekend geword het, haar in 2018 laat besef het haar Afrikaanse dialek is iets unieks wat sy tot haar voordeel kan gebruik.

Sedertdien het Lyntjie 'n huis-houdelike naam geword met 'n gawe om stories bymekaar te maak en met die hele land te deel. Sy sê sy sal graag eendag onthou wil word as iemand wat voluit met respek en integriteit geleef het. En trots Afrikaans.

Briewe

Baie dankie vir die jongste nuusbrief van die VVA. Dis heerlik om te lees hoe boeke onder kinders versprei word.

My liewe oorlede man, prof Johan Combrink, sou so tevrede, gelukkig en opgewonde gewees het as hy dit kon lees. Hy het so hard gewerk om die VVA aan die gang te kry en te laat ontwikkel.

Baie dankie vir al die harde werk.

Louise Combrink

Heide Primêre Skool
Paperstraat 92A
Posbus 21010
Heidedal
9306
Tel: 073 603 3817



Heide Primary School
92A Paper Street
P.O. Box 21010
Heidedal
9306
Fax: 0867167384

e.mail/pos:heideprimary@telkomsa.net
e.mail/pos:johnmpage70@gmail.com

12.10.2022

“ATKV”

**Dankie God vir
mense
soos julle..!**

*In hierdie moeilike wêreld is dit verfrissend
om mense te vind wat nog tyd het om vriendelik te wees.*


*Mense wat nog die geloof het om te glo
dat hoe meer jy gee hoe meer ontvang jy.*

*Mense wat gereed is deur woord, daad en denke
om 'n helpende hand te gee in tyd van nood.*

**Ons by Heide Primêre Skool wil net dankie sê vir julle
vrygewigheid vir die boeke trommel donasie ter waarde van R8 500**

God seën

J.M. Page (Principal)
079 0935 317



Dag Shireen

Het is goed gegaan; de zeer informatieve nuusbrief komt zonder problemen binnen.

Tot de volgende nuusbrief!

Met vriendelijke groet,

Jan Buiten

Môre Shireen hoop dit gaan goed.

Baie dankie vir jou en jou kollega.

Julle moes die ent van Stellenbosch ry en die stukkende pad na die skool trotseer.

Dankie vir wat julle vir die kinders doen. Ek waardeer dit opreg... namens my graad 2A's.

Mag God julle seën vir die pragtige werk wat julle doen.

Geseënde dag vir julle

Juffrou Jennifer Gabriels

Academia Primêr

Hallo Shireen

Wat 'n lieflike nuusbrief. Julle doen wonderlike werk. Mag dit vrugte dra tot in lengte van dae.

Groetnis

Christien

Daar is groot verskeidenheid van boeke wat wissel van graad 1 tot graad 7. Daar is so 115 boeke in die trommel.

Baie, baie dankie vir vandag. Dit was bitter goed en baie dankie vir leesboeke.

Die kinders gaan dit so geniet.

Juffrou Michelle Botes

Unicorn Primêr in Bloemfontein

Doendinge in Afrikaans

Nuusbrief:

Redakteur:

Chareldine van der Merwe

Assistentredakteur:

Shireen Crotz

Bladuitleg:

Plenti Creative

Algemene Inligting:

Straatadres:

**Cotillion Place, Technorylaan 22
Tegnopark Stellenbosch 7600**

Posadres:

Posbus 1209, Stellenbosch 7599

Telefoon:

021 880 1761/ 021 880 1743

Faksnommer:

021 880 1946

E-posadres:

Shireen Crotz:

shireenc@atkv.org.za

Chareldine van der Merwe:

chareldinev@vva.atkv.org.za

Webtuiste:

www.atkv.org.za

Koopdinge in Afrikaans

Die volgende items is by die kantoor te koop:

<i>Ou Vriende van Afrikaanse</i> dubbel-CD met kunstenaars soos Laurika Rauch, Lucas Maree en bekende kore.	R100
<i>Voetslaankaart van Tafelberg in Afrikaans</i> geskep deur Peter Slingsby	R20
<i>Pieter van der Westhuizen-huldigingsbundel</i> (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek)	R160
<i>Vespers van Rachmaninof</i> CD in Afrikaans	R120
<i>Basic Afrikaans – the top 1000 words and phrases</i>	R135
<i>Joernaal van Jorik – in klank</i> (toonsetting deur Roelof Temmingh)	R120
<i>Die Nagbiblioteek</i> deur Amanda de Stadler, 'n A3-formaat voorleesboek vir kinders onder 8 jaar	R120
Posgeld per bestelling moet ongelukkig gehef word.	R65

Skenkingsbesonderhede

Bankbesonderhede

ABSA, Tjekrekening

Rekeningnaam: ATKV

Rekeningnommer: 0170166728

Takkode: 632005

Vir buitelandse inbetalings gebruik die volgende:

SWIFT Kode: ABSA ZA JJ

As verwysing gebruik asb: VVA en die item (bv. naam van CD, gedenkbundel, boektrommel ens.) E-pos of faks dan net die bewys van betaling, naam en van en ook bedrag wat inbetaal word.

**VERSPREI GERUS
DIE NUUSBRIEF!**